


Uitgawe/Issue 51

# BULLETIN

Vars uit die veld

**FRIDAY**, 30 August 2013













## Joernale

### Simmentaler Joernaal

2014 beloof om 'n feestelike jaar te wees met die viering van die Genootskap se 50 suksesvolle jare.

In die lig hiervan is daar besluit om nie vanjaar in November 'n Simmentaler Joernaal te publiseer nie, maar wel 'n gedenkboek/joernaal in Julie 2014 op die tafel te plaas, wat dan ook sommer die vieringe kan insluit.

Om hierdie publikasie suksesvol saam te stel, benodig ons elkeen se insette. Ons benodig ou foto's, geskiedenis, staaltjies en u baie, baie spesiale advertensie. Dink nuut en maak u advertensie baie spesiaal. Verewig so u soet in die SIM annale.

Daar is reeds 'n borg bekom om 'n hardebandkopie aan elke teler te voorsien. Kan u bekostig om nie deel hiervan te wees nie?

Bespreek u advertensie voor 30 November 2013.

Materiaal as ons die ontwerp van u advertensie moet reël – 28 Februarie 2014.

U voltooide advertensie – April 2014.

Ons maak staat op u ondersteuning om hierdie projek suksesvol aan te pak.

### Simbra Joernaal

Verskyn soos elke jaar – die einde April. Wees asb deel hiervan.






Gedurende Augustus 2013 het Flaf Lauwrens, Schullie Schulenburg, Kathryn Kruger, Jana Bester, Chantel Viljoen en Marguerite Fouchè 'n tweedag Breedplan-kursus wat aangebied is deur Dr Michael Bradfield, bygewoon. Van die ander rasse se adminpersoneel wat teenwoordig was, was die Brahmanne, Santas en Brangusse.

Mnr Thys Meyer het ook onder andere tydens die kursus 'n aanbieding gedoen.




***Veilingsuitslae***

**Wisp-Will Veiling**: 8 Augustus 2013

| DIERE | AANGEBIED/VERKOOP | GEMIDDELD | HOOGSTE |
|---|---|---|---|
| Bulle | 53/46 | R36 130 | R150 000 |
| Verse | 40/40 | R10 912 | R25 000 |

**Wisp-Will Veiling**: 8 Augustus 2013

| DIERE | AANGEBIED/VERKOOP | GEMIDDELD | HOOGSTE |
|---|---|---|---|
| Bulle | 50/36 | R27 825 | R46 000 |
| Verse | 11/9 | R8 333 | R8 750 |



Lot 1 WC0915C
Prys: R150 000
Koper: Obakeng en Marius Nel



Lot 55 WC116C
Prys: R105 000
Koper: Willem de Klerk



Lot 98 WC1157
Prys: R55 000
Koper: Anton Crause

**Excelsus Veiling**: 15 Augustus 2013

| DIERE | AANGEBIED/VERKOOP | GEMIDDELD | HOOGSTE |
|---|---|---|---|
| Bulle | 25/21 | R30 866 | R47 500 |

**AAA Simmentaler Veiling**: 15 Augustus 2013

| DIERE | AANGEBIED/VERKOOP | GEMIDDELD | HOOGSTE |
|---|---|---|---|
| Bulle | 36/21 | R22 333 | R32 000 |
| Dragtige Verse | 51/13 | R9 375 | R10 000 |

**Delft, Hendazee en Tobnama Veiling**: 27 Augustus 2013

| DIERE | AANGEBIED/VERKOOP | GEMIDDELD | HOOGSTE |
|---|---|---|---|
| Bulle | 32/20 | R26 000 | R35 000 |
| Dragtige koeie & verse | | R10 200 | |

# BAIE GELUK

Baie geluk aan Dewald Walters met sy bevordering tot Senior Simmentaler Beoordelaar en ook aan Jaco Marè met sy bevordering tot Simbra Raseksaminator.

Geluk aan Jan Hattingh wie se Simmentaler kudde aangewys is as die Noordwes Provinsiale wenner van die LNR se Nasionale Vleisbees Kudde van die jaar.

Net so is Daniel van der Merwe se Simmentaler koei aangewys as die beste elite koei van die Simmentaler ras - geluk ook aan hom.

**<u>Neem self die beste foto's van jou beeste</u>** - deur Hennie VIljoen

**<u>Die bees</u>**

Verkieslik in die somer , kort gladde haarkleed vertoon die beste.

Hoe rustiger en kalmer die bees is, hoe makliker is dit om 'n goeie foto te neem.

Moet plankdwars staan met naaste agterpoot effens agter verste agterpoot om uier/bespiering beter te sien. Voorpote min of meer gelyk.

Die kop moet ongeveer 45 grade na die fotograaf gedraai wees. Gebruik nog 'n persoon om aandag te trek en so te staan dat die bees na hom kyk en ore vorentoe draai.

Staan dat die sonlig ook direk op die kant val wat afgeneem word – dws geen skaduwees op die bees nie.

Die beste foto's het 'n natuurlike, eenvormige agtergrond. Bly weg van geboue, kraalpype en drade. Die touleier moet verkieslik ook nie op die foto wees nie.

**<u>Die fotograaf</u>**

Wees GEDULDIG, goeie foto's neem tyd, veral as die dier nie aan 'n halter is nie.

Die beste tyd van die dag is soggens tot so tienuur en so na drie smiddae/smiddags. Fotograwe praat van die laaste uur voor sonsondergang as die " goue uur. " Neem altyd fotos met die son van agter.

Hou die kamera ongeveer op die middellyn van die bees sodat dit nie lyk of die foto van bo of van onder af geneem is nie. Zoom verkieslik van 'n afstand in, te na aan die bees word hulle onrustig.

Neem soveel fotos as moontlik want alles moet saamwerk: bene net reg, oë oop en wakker, stert stil en regaf. Met 'n digitale kamera neem die "Sport" opsie die vinnigste opeenvolgende foto's en kan die beste een uitgesoek word.





Dieselfde koei, eerste foto geneem in die vroeë lente, winterhare, bene nie reg geplaas nie, kyk reguit vir die kamera, skaduwee op die nek.

Tweede foto geneem in die laat somer, haar en velkwaliteit vertoon ten beste, goue uur (kyk hoe ver lê die skaduwee), beenplasing ideaal, kyk ongeveer 45 grade weg van kamera.

## KANTOOR GESLUIT

Geagte Teler

Neem asb kennis dat die kantoor gesluit sal wees op Maandag, 23 September 2013.

Groete

**FLAF LAUWRENS**
**HOOFBESTUURDER**

## OFFICE CLOSED

Dear Breeder

Please note that the office will be closed on Monday, 23 September 2013.

Regards

**FLAF LAUWRENS**
**CHIEF EXECUTIVE**

## SA BREEDPLAN TOETS PLAN

| Wanneer | Meet dit | Benodighede | Watter Vorm (1) | Wanneer Ouderdomsgroep | Slice (2) | EBV |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Dekseisoen | Reproduksie (Days to calving) | NIE moontlik as bul heeljaar met koeie loop. Bul-in, bul-uit. | Kry Excel vorm met vroulike diere van kantoor | Van bul in datum tot bul uit datum | | Dae tot Kalwing Dragtigheids lengte |
| Kalwing | Geboorte gewig | Gewig | Geboortekennisgewing | Binne 24 uur | 45 d | Birth wght |
| Speen | 200 dae gewig Verplig vir almal | Speengewig | Excel weeglys per e-pos of PDF formaat per faks of Breedplan weeglys | 80 tot 300 dae oud | 45 d | 200 d wght |
| | Melk | | | | | Milk |
| | Skede/Nael | Skede/nael punting van 1 (swak-groot/hang) tot 9 (goed-baie skoon). | | 80 tot 300 dae oud | 45 d | Sodra genoeg data |
| | Temperament | Temperament punting Alle rasse (1 mak tot 5 1 swak-aggressief ) Half punte toegelaat Brahman (1 swak-aggressief) tot 9 (goed- mak). | | 60 tot 400 dae oud | 45 d | Sodra genoeg data |
| | MCW (Koei gewig gekorrigeer 5 jr) | Weeg koei saam met kalf speen gewig . (Alle ander koei gewigte nutteloos) | | Kalf speen | | MCW |
| Jaaroud | 400 dae gewig | Gewig | Dto | 300 tot 500 dae | 60 d | 400d wght |
| | Reproduksie | Skrotum omtrek (cm) | Dto | 300 tot 700 dae | 60 d | Scrotum |
| 18 mde of finaal | 600 dae gewig | Gewig | Dto | 500 tot 900 dae | 60 d | 600 d wght |

(1) HerdMaster rekenaar program (word verkies) of hierdie vorm (2) Diere gebore binne hierdie periode word as groep saam ontleed

- Weeg/meet/punt altyd in groot groepe - eerder meer diere minder gereeld as andersom.
- Maklikste weegprogram gaan gepaard met 'n kort kalfseisoen. So nie gebruik die 2 X per jaar weeg/meet program waar alle diere op die plaas van 4 tot 23 mde oud ses maande van mekaar geweeg word (*ongespeende kalwers moet uitgewys word*).
- Merk diere wat anders behandel is (siek, skou, veiling) met 'n eie keuse letter op die lys – dit is uiters belangrik.
- Weeg/punt/meet altyd voordat verdeling plaasvind (speen/kastreer/uitskot).
- Weeg alle diere nog op die plaas insluitende uitskotdiere of weeg glad nie. Selektiewe weging gee foutiewe EBV's.

# SA BREEDPLAN TEST PLAN

| When to Measure | What to Measure | Requirements | How to Submit | Age ranges of Animals | Slice Groups | What EBV do I get |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Mating Season | Reproduction:<br>Days to Calving<br>Gestation Length | New requirements and procedure – contact office.<br>AI Dates | Electronic via HerdMaster or Society spreadsheet With Birth notifications | All serviceable females | 360 days | Days to Calving (DC) Gestation Length (GL) |
| Calving | Birth Weight | Weight | With Birth notifications | Within 24 hours of calving | 45 days | Birth Weight |
| Weaning | 200 Day Weight | Weaning weight | Electronic via HerdMaster or Society Excel spreadsheet, or weighting list | 80 to 300 days | 45 d | 200 day wght |
| | Milk | | | | | Milk |
| | Sheath/Navel | Score from 1 (pendulous) to 9 (clean) | | 80 to 300 days | 45 d | When enough data collected |
| | Docility | Score<br>All breeds ( 1 Docile 5 aggressive)<br>Brahman (1 aggressive) to 9 (docile) | | 60 tot 400 days | 45 d | When enough data collected |
| | Mature Cow Weight | Weight cows at wean of calves | | Kalf speen | | MCW |
| Jaaroud | 400 dae gewig | Weight | Dto | 300 tot 500 dae | 60 d | 400 day wght |
| | Reproduction | Skrotum circumference (cm) | Dto | 300 tot 700 dae | 60 d | Scrotum |
| 18 month | 600 dae weight | Weight | Dto | 500 tot 900 dae | 60 d | 600 day wght |

(1) HerdMaster computer program preferred (2) Animals born with this period are analysed together

- Weight/measure in as large as contemporary groups as possible; preferably weigh less often but in larger groups
- Have as short a calving season as possible (45-90 days) to improve your genetic rate of gain (especially reproduction).
- Record all animals treated differently with a performance code, for example sick or show animals. Any 3 letter code wil work.
- Weigh/measure before splitting animals into different groups, for example wean the group then split them into a show string.
- Weigh/measure all animals including culls. Selective recording produces wrong EBVs.




Tito Vorster
Delft het vir die eerste keer aan 'n slagos kompetisie deelgeneem. Borans, Brahmans, Simmentalers, Bragus, Brafords en vele ander is almal deur dieselfde voerkraal gevoer. Nou, van hierdie besigheid weet ons by Delft naby aan niks. Ons het nietemin 5 uitskot bulletjies ingeskryf en siedaar......Simbra doen dit weer. Ons het gewen. Ons het in werklikheid die beste drie gehad. Die beeste is op die hoef beoordeel en is daarna verkoop. Die gemiddelde gewig van die Simbra beeste was 420kg en hulle is verkoop teen R16.78 per kg. Een van die beeste het ook die beste groei van almal gehad nl. 2.52kg per dag oor 90 dae. Julle wat die goed ken sal weet of dit goed of sleg was, maar in die bestuursgroep was dit die beste. Die prys was 'n sertifikaat en 'n hoed.

# SIMBRA VROULIKE DIER “FOTO-KOMPETISIE”

## ***Ons tema:***

***SIMBRA VROULIKE DIER/DIERE OF KOEIE/KOEI MET KALWERS OF VERS-GROEP***

Ons dank aan ***Mnr Hennie de Lange (Exelsus Trust***) wat die inisiatief geneem het om hierdie kompetisie te borg.

Die kompetisie sal oor die volgende 9 maande aangebied word. Die wenner wen R2500. Daar sal ook ‘n tweede plek (R1500) en derde plek (R1000) aangewys word. Die finaliste se foto’s sal gepubliseer word en die wenner plus naaswenners van die groot pryse sal by die Nasionale Kampioenskappe in 2014 aangekondig word.

Die foto’s sal op Simbra Genootskap se Facebook-blad gelaai word en lesers is baie welkom om daarna te kyk en kommentaar te lewer. Die wenner plus naaswenners word deur ’n paneel bepaal. Die paneel sal saamgestel word uit die Raad van die Genootskap.

**Die reëls**

- Die reëls en inligting op hierdie kompetisieblad is deel van die voorwaardes en bepalings van deelname en inskrywing.
- Deelname aan die kompetisie impliseer aanvaarding van alle bepalings, reëls en voorwaardes.
- Werknemers van die Genootskap mag nie aan die kompetisie deelneem nie.
- Die Genootskap behou die reg voor om onderhoude met wenners te voer, foto’s te neem en dit te publiseer. Pryswenners sal in die Bulletin aangekondig word.
- Alle inskrywings word die eiendom van die Genootskap en sal in ’n databasis vasgelê word vir toekomstige promosiedoeleindes.
- Die beslissing van die paneel is finaal en geen korrespondensie sal daaroor gevoer word nie.
- Die Bulletin/Simbra Vroulike Dier foto-kompetisie begin op **1 Julie 2013 tot einde Maart 2014**. Die wenner plus naaswenners sal by die Nasionale Kampioenskappe 2014 bekend gemaak word.
- Foto’s moet oorspronklik en groot genoeg wees vir publikasie (ten minste **1 MB en 300 DPI**).
- Gemanipuleerde foto’s (waar veranderings aangebring is) sal nie aanvaar word nie. Om ’n foto te sny (crop) word nie as manipulasie beskou nie.
- Foto’s kan **alleenlik** per **e-pos** ingestuur word. Die e-pos-adres is info@simmentaler.org
- Die wenner plus naaswenners se name en foto’s sal in Bulletin gepubliseer word.




Stuur vir ons jou foto’s, Naam en Van aan info@simmentaler.org

NB: NOEM ASB DAT DIT VIR DIE KOMPETISIE IS!

Die http://sbts.une.edu.au het baie interessante inligting en leestof vir telers.

Telers met n redelike internet konneksie sal die webinaars geniet en kan selfs interaktief deelneem.

http://sbts.une.edu.au/Webinars/webinars.html

Groete

Dr Michael Bradfield, AgriBSA, 54A Main rd, Irene, 0062
Tel +27-12-6675258
Fax +27-12-6675259
http://www.agribsa.co.za
http://www.stockmanschool.co.za

## 2013 Stockman School

**16-18 October 2013**

**A Word from the convener**

The LRF/BREEDPLAN Aldam Stockmans School has become an event that every beef producer should attend at least every three years.

It is now considered to be one of the very best live stock agricultural events in Africa. Many of our guest speakers believe there is no equivalent in the rest of the world. It is for this reason that the Stockmans School continues to be fully booked year after year.
Contact: Charmaine 0518211783 of palberts@telkomsa.net

## BAIE BELANGRIK

Die Simmentaler en Simbra Genootskap se adres het verander. Gebruik asb die onderstaande adres:
**Privaatsak X 7002**
**Langenhovenpark**
**9330**

**Verwysings gebruik met rekening betalings**
Gebruik asb u rekeningnr. of rekeningnaam of lidnommer as 'n verwysing wanneer u u rekening elektronies of per direkte inbetaling betaal.

**Alle Namibie, Botswana en Zimbabwe telers**
Standard Bank en Absa Bank aanvaar nie meer tjeks van buitelandse lande nie. Ons versoek u vriendelik om asseblief nie verder enige tjeks aan ons te pos nie, maar eerder u tjekbetalings in Namibië, Botswana en Zimbabwe direk in ons Absa Bankrekening of in ons Standard Bankrekening in te betaal. Kontak asb vir Erna by die kantoor vir enige verdere navrae.

**All Namibia, Botswana and Zimbabwe members**
Standard Bank and Absa Bank no longer accept cheques from foreign countries. We kindly request that no cheques are to be posted to us in future, please deposit your cheque payment in Namibia, Botswana and Zimbabwe directly into our Absa Bank account or into our Standard Bank account. Please contact Erna at the office for any further queries.

**REFERENCE USE FOR ACCOUNT PAYMENTS**
Please use your account number or your account name or your member number as a **reference** when you pay us electronically or per direct payment.

## September 2013

| | | | |
|---|---|---|---|
| Sept | 3 | Di | Nasionale Simmentaler Veiling te Afridome, Parys |
| | 04-05 | Wo-Do | Swartland Skou Moorreesburg |
| | 5 | Do | Sentraal Simbra Bulveiling Mahemsvlei, Klerksdorp |
| | 7 | Sa | PZ en DZ Stoetery Sim & SBA Arlington |
| | 10 | Di | The Classic Sale, Grahamstown |
| | 11-12 | Wo-Vr | Hartland skou, Middelburg |
| | 12 | Do | Herdmaster Bloemfontein |
| | 12 | Do | Vryburg September Bulveiling |
| | 12 | Do | CENTRAL SELECT / Kamab & Nossob Namibia |
| | 17 | Di | Oos Vrystaat Simbras SPAARSAAM, WARDEN |
| | 17 | Di | Drie van die Bestes, EE Schulenburg, N Venter, JH van Biljon.Coligny |
| | 19 | Do | Hoogland SIM Veiling Bethlehem |
| | 19 | Do | Herdmaster Pretoria |
| | 19-21 | Do-Sa | Standerton Skou |
| | 24 | Di | Leeupoort SIM veiling, Rhenosterfontein, Moedwil |
| | 26 | Do | Brasim Produksie Veiling plaas Holfontein Carletonville |

OOK BESKIKBAAR OP ONS WEBBLAAIE

**NB - Onderhewig aan verandering**

# Geklassifiseerd

Stuur jou nuus aan info@simmentaler.org

## Gelukwensings

Baie geluk aan die volgende persone wat gedurende September verjaar:
16 Chris Oelofse
23 Kathryn Kruger
28 Erna de Swardt



Baie geluk aan Benita en Emile Loftus met die geboorte van jul dogter, Mielè (28/8/2013).

## Te Koop

### GESOEK:

Haupner Tattoeëertang se syfers.
Vir meer inligting kontak Jan Hattingh by 0832744493

**Simbra Bulle te koop**
***CSV 1059A***
***CSV 1075A***
Twee bruikbare bulle wat aangepas is, met goeie teelwaardes
**Skakel eienaar:**
Koos Vorster
Thabazimbi
083 529 9961

**Simbra Bul te koop**
***Butan 0815***
F2 bul met goeie lengte, hoog in melk (+6) en goeie groei teelwaardes
**Skakel eienaar:**
K van Niekerk
Langkop Boerdery
Boshoff
0832619951

***Simbra Bulle***
Bruikbare jong bulle wat aangepas is met goeie teelwaardes:
**CSV1059A**
**CSV1075A**
**CSV1110B**
Kontak: **083 529 9961**

Diere van die volgende telers ook te koop:
Cobus Fourie (Sim/Sba)
Martyn van Aarde (Sim)
Edele Köhler (Sba) (Namibia)
Trevor Schefferman (Sim)
Floris Pretorius (Sba)
Petrus du Toit (Sim)
**Kontak Fred Dell by**
**082 926 0716**

## Sterfgevalle

Ons innige simpatie aan Dirk Riekert en gesin wie se moeder oorlede is.

## Veilings

**Central Select - Kamba Veiling**
**17 Bulle beskikbaar**
12 September 2013
om 17h30
te Bank Windhoek, Agra Ring
Kontak: Diethelm Metzger
00264 62 503732

**Raap De Poort Simmentalers**
bied aan Vryburg Simmentaler Bul Veiling op 12 September 2013
Vir meer besonderhede kontak vir M van Aarde by 072 433 5606

**3 van die Bestes**
Simmentaler Veiling
Dinsdag, 17 Sept. 2013 om 1hh00 op die plaas Malgasfontein dist. Coligny
Kontak:
Erich – 083 388 0518
Jan – 083 379 9307
Nico – 082 789 2781

**Hoogland Sim**
Produksievieling
Donderdag, 19 September 2013 om 11h00
Kontak: Hugo van Doornick
082 387 5103

## Algemeen

Stuur jou nuus voor die 15de van elke maand aan Belinda Putter by
info@simmentaler.org
OF
admin@simbra.org
OF
Faks: 051-4460455 om te verseker dat dit verskyn.
Ons hoor graag van jou!!!

## Simmentaler & Simbra Breeders' Society of Southern Africa

The Bulletin is the monthly newsletter of the Simmentaler & Simbra Breeders' Society of Southern Africa.

Opinions expressed in the Bulletin are not necessarily the views of the council of this Breeders' Society. This Society accepts no responsibility for claims made in advertisements.

Articles may only be reproduced with the approval of the Editor.

© COPYRIGHT RESERVED

Follow us on:
www.simmentaler.org
www.simbra.org
Simmentaler Cattle South Africa
Simbra Cattle South Africa